

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD

KALWERS WREEDAARDIG DOODGEMAAK

Die arrogansie van veediewe wat bereid was om gesteelde vee 'n tweede keer te gaan steel, is verstommend. Daar is die nag van 4 Mei elf speenkalwers en twee koeie op die plaas Ontevrede van mnr Lukas Erasmus gesteel. Die plaas is naby die Renosterrivier geleë. 'n Buurman het die SAPD se veediefstaleenheid in kennis gestel dat die beeste in 'n kraal

op die plaas Geluk van Josua Mosia gesien is. Die gesteelde vee is vermoedelik vir sowat 10 km na die plaas Geluk in Edenville se rigting aangejaag. Die polisie het 11 Brangus kalwers en twee koeie daar gevind en drie persone is op die toneel gearresteer. Die gesteelde vee is teruggeneem na die eienaar se plaas, maar is Sondagaand, 'n week later, weer gesteel. Na 'n soektog wat Maandag niks opgelewer het nie, is Dinsdag inligting ontvang dat daar sewe karkasse by die rioolwerke in Edenville lê. Die oorplaatjies is uitgesny en die kalwers is agter op hulle koppe met 'n skerp voorwerp doodgekap en vermoedelik van 'n vragmotor of 'n waentjie afgegooi. Alle aanduidings is dat veediewe bewyse probeer vernietig het. DNA monsters sal egter die teendeel kan bewys. Katleho Mosia (21), seun van die plaaseienaar, en twee ander persone, Mbuti Mahono (23) en Isak Swarts (33) het reeds op aanklagte van veediefstal verskyn. Josua Mosia, van die plaas Geluk is ook gearresteer en verskyn vandag in die hof. Die ander vier kalwers is steeds vermis.



Herald
Office National

1 DAY DEAL

ONLY **R875.00**
INCL

Home Office
A4 Laminator

AVAILABLE 25 MAY ONLY
BEST DEALS. BEST SAVINGS.
Terms and Conditions apply. While Stocks Last.

058 852 3033

DISCOVER... YOUR LOCAL BOWLS CLUB

- SOCIABLE
- SPORTY
- GREAT CROWD
- ENTERTAINING

WHILE YOU'RE WITH US, THERE'S ALWAYS ONE SURPRISE! A MEMORABLE TIME WITH US! WE'LL MAKE YOUR DAY! WE'LL MAKE YOUR DAY!

FEEL THE VIBE...

CONTACT YOUR NEAREST CLUB TO FIND OUT MORE ABOUT WHAT THEY HAVE TO OFFER.

Hannalie 079 040 0531
Terence 082 567 1059

DUPNO Trading

Awegare
Ontvangsbakke
Graandamme
Waterdamme

Fvno: 073 268 7585
Kern: 083 260 8943
vno.dupno@gmail.com
petzenk@gmail.com

BKB LOUWID

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE

Vir kraalbesprekings en inskrywings skakel Piet Boshoff : 083 210 7135
Posbus 220, Frankfort, 0830 | Tel: 058 813 1071
E-pos: frankfort@bkbouwid.co.za
www.bkb.co.za
Reg. No. 2003/026573/07

Waar sake elke keer, die eerste keer reg gedoen word!

SONJA SE GEBAK OPEDAG



Op die foto: Eggenoot, Adriaan Jacobs en Sonja Jacobs.

Sonja Jacobs se stokperdjie om te bak en brou het reeds 15 jaar gelede ontwikkel, waar sy eers net 'n brousel koekies per geleentheid vir mense gebak het. Sy vertel aan Heilbron Herald dat haar gemmerkoekies al vele jare 'n treffer is. Sy het ongeveer sewe jaar gelede tuis begin om op bestelling te bak. Vandag spog Sonja met 'n ingerigte plekkie in Heilbron waar sy nou ook instapklänthe Pleinstraat 43 kan ontvang. Daar kan sy nou op die

perseel die bestandele aan- mekaarslaai vir die liplekker gebak wat al haar getroue ondersteuners koop.

Verlede week, 6 Mei 2021, het Sonja haar opedag saam verskeie kliënte gevier. Elkeen wat meer as R100 spandeer het, kon 'n ballon bars met 'n verrassing binne-in. Daar was slegs 50 ballone beskikbaar.

Groot waardering word getoon vir elkeen wat haar kom besoek het tydens hierdie mylpaal.

HOËRSKOOL HEILBRON SE TOP 5 PRESTEERDERS



TOP 5 PRESTEERDERS: Graad 4: 1. Riëtte Steyn 94.50%, 2. Elsené van der Merwe 94.17%, 3. Elzeri Combrink 93.50%, 4. Lisa-Line Rheeder 90.67%, 5. Derick Swanepoel 88.67%. **Graad 5:** 1. Gerrit du Plooy 91.50%, 2. Jeanette Victor 87.83%, 3. Chereë Jansen van Rensburg 86.50%, 4. Lee-Ann Viviers 86.17%, 5. Jannie Els 82.33%. **Graad 6:** 1. Noeline Gavin 89.00%, 2. Chenele Els 86.17%, 3. Danelri Mocke 82.17%, 3. Aljanné Zitzke 82.17%, 4. Kaitlyn Potgieter 78.00%. **Graad 7:** 1. Adri Erasmus 86.11%, 1. Minette Els 86.11%, 2. Cariska J van Rensburg 86.00%, 3. Franco Roos 83.67%, 4. Lumé Dippenaar 81.44%.



Die personeel van Cornelius en Vennote pak maandeliks 'n liefdadigheidsprojek aan waar hulle teruggee en uithelp in die gemeenskap. Moedsdags was hierdie jaar die 8ste Mei en was hulle fokus op minderbevoorrigte mamas en oumas. In samewerking met Heilbron Kliniek is daar die 13de Mei 2021 pakkies afgelewer en uitgedeel vir die wat dit die meeste nodig het. Dit is tydens hierdie tipe geleentheid dat 'n mens besef hoe groot die nood in ons eie dorp is en inwoners soek na ondersteuningsnetwerke.



HEILBRON EERSTE RUGBYSpan: Op die foto voor vl: Christo Vosloo, Esley Rall (Kaptein), Tynie van Niekerk (Bestuurder), Byleveldt, Steyn. Tweede ry: Wyle Hennie Roets, G Slabbert, Toeks Vosloo, Dries Strydom, Jasper Blignaut, Pine Pienaar. Derde ry: Louw Greyling, Will Vosloo, John Rautenbach, Drieton Pienaar, Pienaar (Drieton se broer).
RED: Weet iemand dalk watter span dit?



TOP 5 PRESTEERDERS: Graad 8: 1. André Viviers 85.89%, 2. Johanri Pretorius 85.56%, 3. Taylor Ferreira 83.11%, 4. Kayla Bosman 83.00%, 5. Carlie Rochat 82.67%
Graad 9: 1. Michaela Grobler 86.33%, 2. Madalene de Beer 82.56%, 3. Marlee Henn 79.22%, 4. Luzé Barnard 78.11%, 5. Joanike Els 77.33%. **Graad 10:** 1. Wessel Steyn 84.29%, 2. Steam Latgan 78.14%, 3. Kristen Muller 78.14%, 3. Judike Jansen 75.00%, 4. Natalie Naudé 74.71%. **Graad 11:** 1. Anica Grobler 78.43%, 2. Jané Gavin van Rensburg 77.00%, 2. Mbali Malindi 77.00%, 3. Alden Peach 75.43%. 4. Bart Steijn 72.71%. **Graad 12:** 1. Danica Boucher 80.86%, 2. André Muller 80.14%, 3. Danielle van Wyk 78.86%, 4. Jeanne van Wyk 78.14%, 4. Erna Els 78.14%.



ELKE DEELNEMENDE PRODUK WAT JY KOOP GEE JOU **NÔG 'N WENKANS**

*Maksimum van 10 e-Koepons per klant vir elke SPAR Rewards produk wat hier vertoon word.

Deelname aan **SWAR, SUPERSWAR en KWISSWAR** is gratis. De wedstrijd wordt gehouden op zaterdag 11 Mei tot en met 16 Mei 2021, terwyl voorbereidende wedstrijden op zaterdag 12 Mei tot en met 13 Mei 2021 worden gehouden. De wedstrijd wordt gehouden op zaterdag 11 Mei tot en met 16 Mei 2021, terwyl voorbereidende wedstrijden op zaterdag 12 Mei tot en met 13 Mei 2021 worden gehouden. De wedstrijd wordt gehouden op zaterdag 11 Mei tot en met 16 Mei 2021, terwyl voorbereidende wedstrijden op zaterdag 12 Mei tot en met 13 Mei 2021 worden gehouden.



UIT DIE PEN

Kleintyd het ons 'n vreeslike, blou Peugeot gery. Draai gou omtrent 40 jaar terug: dieselfde Peugeot 404 wat jy nou in jou gedagtes sien, daardie selfde ene, was ons kar. Die agterste venster was lekker groot. Wanneer ons ver gery het, het my ma toebroodjies gemaak: plaasbotter (wat nooit lekker was nie, dit was heeltemal te suur), skyfies bloedrooi tomatie en soms 'n splintjie kaas of stukkie ui.

My ou pa het gesê dat daar niks is wat hom so honger maak soos kar ry nie. Hy sou agter die stuurwiel inklim, en na omtrent 30 minute sy hand bakhand agter toe hou om te eet wat ons eet.

Die wit Addisbak met die toebroodjies is dan uitgedeel. Elkeen het sy toebroodjies geëet, behalwe ek. Die groot bak het in die agtervenster geland, lekker in die son. Wanneer ons dan uiteindelik by ons bestemming aangekom het, het ek my toebroodjies geëet. Teen daardie tyd het dit warm gebak in die son, die botter het in die brood ingetrek en die

tamaties was pap.

Ja, gril maar. Ek is seker daar is iets wat jy eet waarvoor ek ook gaan gril. And to my defence: dit was donkierjare gelede. Ek gaan nie erken of ontken dat ek steeds van sulke toebroodjies hou nie.

Iedergeval. Ek kan onthou dat ek, my ou pa, my gryse moeder en my sussie eenkeer die lang pad Kaap toe gevat. Eers het ons 'n paar dae by my oom in George deurgebring en later Weskus toe. Vir julle mag dit soos vakansie klink, maar die manier hoedat ons in daardie jare vakansie gehou het, was vir my glad nie vakansie nie.

Ons het laat die middag in George aangekom, en ons moes help om die kar af te pak. Ons het bietjie met die neefs en niggies gekuier, en daarna moes ons bed toe gaan, want kinders moet vroeg gaan slaap.

Vroeg die oggend is ons wakker gemaak, ons moes help om die padkos in te pak en ons was op pad na Mosselbaai om te gaan kyk hoe dit daar lyk. Laataand was ons weer terug en het gou met die neefs en niggies gekuier, en daarna moes ons bed toe gaan, want kinders moet vroeg gaan slaap.

Vroeg die volgende oggend is ons wakker gemaak, ons moes help om die padkos in te pak en ons was op pad Oudtshoorn toe om volstruise en grotte te gaan kyk. Laataand was ons weer terug en het gou met die neefs en niggies gekuier en dieselfde oor en oor.

Vir my ouers (en dalk my sussie) was dit baie lekker. Vir my was dit erg. Ek wou ook net luilekker iewers ontspaan (dalk het my ouers gedink dat 'n jong tiener nie baie rus nodig het nie) en miskien langs die strand lê en roomys eet. Maar helaas.

Selfs die ryery George toe was

WEEK NEGENTIEN VAN 2021

erg. Ek het probeer om te slaap, maar ek en my sussie het die hele tyd gestry oor wie in wie se kant gesit het en omdat ons aan mekaar durf raak het.

En nou nog is dit dieselfde: ek wil na 'n bestemming toe ry en gaan ontspaan. Nie die volgende oggend vroeg opstaan en plekke gaan verken nie. Ek ken genoeg plekke en ek wil nie meer plekke gaan verken nie. Verskoon my.

Ek wil rus. My storieboek wat en lees sonder om skuldig te voel. Ek wil eet wanneer ek wil en slaap tot wanneer ek wil. Sonder onderbreking.

Ek wil nie ver ry nie. Definitief nie verder as 5 ure nie. Ek dink min of meer dat dit my limiet is. Want ek kan nie in 'n kar slaap nie. As ek dalk die hele agterste sitplek vir myself gehad het en 'n heerlike kussing, sou ek dalk kon slaap. Maar om regop te sit en kwyl totdat ek my nek uit lit uit ruk wanneer ek aan die slaap raak, is nie vir my nie.

Die ander dag was ons Kaap toe. Vrydagmiddag gery uit Pretoria en Saterdag laatoggend in Kaapstad aangekom. Ek was nerf-af gery.

Doodmoeg. Toe ons daar aankom, het my bene nog vibreer in ritme met die kar. Ek het gevoel hoe my ooglede knip-knip van die slaap, maar ek het verbete aanhou glimlag. Totdat ek vir die gasheer gesê het dat ek goed is vir niks, ek wil net eers gou my verlore slaap gaan inhaal.

En dit was nie eers ek wat die motor bestuur het nie. Ek het net saamgery.

In die Kaap gaan kuier ons by oeroue vriende. Sy bewa van die opwinding om my te vertel wat

ons alles in die Kaapse dorpie kan doen. Sy rits die name af van koffiewinkels: by hierdie een kan jy melktert gaan eet. Daardie een is goed in kaaskoek en die ander ene maak die lekkerste tunatoebroodjies.

Regtig? Is dit wat vakansiegangers doen? Koffiewinkels besoek?

Dalk is ek nie so geoefen in vakansiehoe nie. Want as daar een ding is wat ek regtig van COVID verpes (behalwe daardie vervlakste masker), is dit om te werk wanneer ek met vakansie gaan.

Dit is die derde keer dat ons, sedert die inperking, die voorreg het om vir 'n week weg te gaan. Ek sê doelbewus nie "vakansie hou" nie. Net weggaan. Want ons pak ons skootrekenaars in, sorg vir 'n stabiele internetkonneksie en werk. Dieselfde as by die huis, maar met 'n beter uitsig. Ons werkgewers het mos nou al agtergekom dat ons enige tyd, enige plek kan werk.

Nou wonder ek net: wanneer hierdie simpel siekte verby is (gaan dit ooit gebeur?), sal ons weer kan wees soos wat ons was? Sal ons kan gaan ontspaan sonder om te werk en aanlynvergaderings te hou?

Dalk was daar *method in their madness* toe ek kleintyd saam met my ouers vakansie gaan hou het: As jy die hele tyd op pad is, kan jy nie aanhou werk nie. Dan moet jy kan afskakel.

Dink ek. Solank daar pap tamatietoebroodjies in die kar se venster lê en wag.

KENNISGEWINGS

KENNISGEWING AAN KREDITEURE EN DEBITEURE
In die boedel van wyle, NKOPANE DANIEL MOKOENA, met Identiteitsnommer 680408 5442 084, 'n getroude persoon getroud binne gemeenskap van goedere met DIMAKATSO SOPHIE MOKOENA met Identiteitsnommer 781216 0390 085, Boedelnommer, 003099/2021 wie woonagtig was te Van der Heeverstraat 14, Lindley, 9630, Vrystaat wie op 14 Januarie 2021 oorlede is. Enigeen wat 'n eis het teen, of bedrae verskuldig is aan die bogenoemde boedel word hiermee versoek om sodanige eise in te dien, of verskuldigde bedrae te betaal, by die ondergemelde adres, binne 30 (Dertig) dae na publikasie hiervan. Geteken te Bethlehem op hede die 26ste dag van April 2021.
SJ VENTER
CAMBRIDGESTRAAT 110
POSBUS 96
BETHLEHEM
9700
TEL: 058 050 0494
E-POS: elsa@sventerlaw.co.za
VERW: SJ VENTER/es/MOK369/0001

NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION
In the Estate of the LATE LIKEKELI MARTHA MOALOSE, IDENTITY NUMBER 591020 0560 089, in life unmarried, residing at 242 Seventh Street, Koppies, District Koppies, 9540, Province Free state, Estate Number: 7651/2020. Hereby notice, in accordance with Article 35(5) f Act 66 of 1965, that the first and Final Liquidation and Distribution Account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Koppies Magistrate Court. If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.
(GET) AA SCHUTTE
CORNELOUIS & PARTNERS INC
40 CHURCH STREET
P.O. BOX 205
HEILBRON
9650
TEL: 058 852 2035

PLOEG SEMOER
Egite
LEER BELDE
WERNER | 060 524 5567
JEANNE | 076 813 2751
www.ploegsemoer.com

POSTNET HEILBRON
Besigheidsure
Maandae - Vrydae:
08:00 - 16:30
Saterdag: 09:00 - 12:00
Elsstraat 42
HEILBRON
Tel: 058 853 0006

Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Individual & Family
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn
MARILIZE LOOTS
PHOTOGRAPHY
072 180 4113
marilize@mcreative
studio.co.za

DIENTE SMALLS

Andries Muller
072 447 7446
Vrystaat 23,
Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou
MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK

BAAL VAN SOJA-/MIELIERESTE
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of
Piet Meiring 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT
Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking. Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.edenvillerealty.co.za
23 Hushoofstraat 97,
Frankfort 9634
058 852 540 7385
Kantoor: 058 813 1067

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Gesik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen 079 040 0531

Winkelure
Maandae - Donderdae
07:30 tot 17:00
Vrydae: 07:30 tot 16:30
Saterdag: 08:30 tot 13:00
Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5
Faks: (058) 853 0140
www.heilbronerherald.co.za
E-POS ADRESSE
• Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
• John Watson john@heilbron.co.za
• Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
• Marilize herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• Silma heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
• Silma marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

BLOEDSKENK DATUMS
25 Mei, 27 Julie, 28 September, 23 November

INENTINGS VIR 60 JARIGES EN OUER

Die Vrystaat het nou amptelik die derde golf van die Covid-19 pandemie bereik en die groot aantal nuwe gevalle wat daaglik aangemeld word, is skokkend. Huidig kan almal vanaf die ouderdom van 60 aanlyn registreer om teen Covid-19 ingeënt te word met 'n skootrekenaar of slimfoon op <https://vaccine.enroll.health.gov.za/>

Alternatief kan mense die woord "registreer" na 060 012 3456 per WhatsApp stuur. Jy kan ook die gratis ESSD lyn gebruik deur *134*832# te skakel. Tans word die gesondheidswerkers-groep se inentings

gefinaliseer en word daar beplan om die komende week met die 60 plus groep te begin. Vir die volgende twee weke sal daar slegs inentings gedoen word by hospitale, daarna ook by ouetehuise en gemeenskapsale.

Fezile Dabi Distrik-gesondheidsdienste herinner elkeen wat reeds ingeënt is om steeds veilig te wees deur hulle maskers te dra en sosiale afstand te handhaaf.

Indien jy reeds die inenting ontvang het, beteken dit nie jy kan nie die virus opdoen nie, dit verminder slegs jou kans en verswak jou simptome.

Provincial update
Highlights
❖ There are 518 new cases: 237 (237/518;45%) in Mangaung Metro, 72 in Fezile Dabi, 69 Thabo Mofutsanyana, 82 in Lejwepileputswa, 52 in Xhariep and 6 unknown districts
❖ Total confirmed COVID-19 cases in the province 92,886 with 84,593 (91%) recoveries
• The proportion of confirmed cases among the <20 years is 12% (11005/92886)
• The median (IQR) age of cumulative COVID-19 cases is 40 (29-53) years
• More females are infected (60%; 55179/92494)
❖ 3950 deaths reported in the province till date, with highest case fatality rate reported in both Fezile Dabi and Thabo Mofutsanyana Districts. The provincial case fatality rate is 4.3%
• The median (IQR) age of COVID-19 deaths is 64 (54-74) years
• Majority of the deaths are in older age groups – 45 years and above (3449/3950)
• 41% of deaths are recorded among males (1633/3950)



Op reis na (n)êrens

OOM DANIE SKRYF... DEEL 9

Grendelstraat 271
Locktown
2020

22 Desember 2020

Liewe dominee Braam

Dis it jou oom Danie. Lanklaas gepraat. Die jaar was ook so deurmekaar en met die inperking het die tannie my so besig gehou dat Oom nie aldag by skryf kon uitkom nie. Gaan dit goed met Dominee-hulle? Pas julle tog mooi op. En vat tog 'n bietjie af!

Dominee Braam, jy sal my nie glo nie. Ek en die tannie sit by die see. Ons het by klein Danie se skoonouers kom kuier. Ai Dominee, hulle was so verbaas om ons te sien. Swaer Willem kon nie 'n woord uitkry toe ons voor die deur staan met ons tasse nie. Sy vrou het haar kop vasgegryp en kamer toe gestorm. Ek dink die oomblik was te groot vir haar.

Dooms, klein Daan het goed getrou. Die mense het 'n huis so groot soos 'n skoolkoshuis reg teen die blouwater.

Ons plan is om net 'n maand te bly. Ek sê vir die tannie ons moenie misbruik maak van die mense se goedheid nie. Ons het vir hulle 'n skaapboud gebring vir die kuier. Mens kan darem nie verniet bly nie. Het Dominee gesien wat kos skaapvleis deesdae?

Dominee Braam, ons was skaars hier toe maak ons president die strande toe. Die tannie sê sy hoor als is toe van Limpopo tot onder in Wildernis. So toe soos 'n bottelstoor op 'n Vrydag sê ek jou Dominee, maar net elke dag.

Ons kuier nogal lekker. Swaer Willem en sy vrou gaan meeste dae na ontbyt Mall toe of iewers en kom eers die middag laat terug. Dit pla ons nie om self middagete te maak nie. Dis seker die minste wat ons kan doen. Of hoe sê ek Dooms?

Die weer speel ook saam. Net jammer ons mag nie swem nie. Die tannie is so teleurgesteld. Sy het vir ons mooi watermaskers gemaak van haar ou bikini wat sy op ons honeymoon gedra het. Wil nou nie spog nie Dominee, maar sy kon maar 'n bikini dra. So gehoop ek kon haar net weer een keer met daai rooi bikini in die branders sien. Al is dit die keer oor haar neus en mond. As Dominee verstaan wat Oom bedoel.

My ou buurman bly die Kersfees weer tuis. Hy sê as gevolg van die virus is dit die eerste keer in tien jaar dat hy nie Margate toe gaan nie. Die tannie lag. Sy sê die ander nege jaar het hy ook nie, omdat hy so suinig is.

Hoop maar hy pas ons huis mooi op. Die inbrake is darem maar erg deesdae, né Dominee?

Die tannie sê onse president sê ons mag strand toe as jy visvang. Jy mag net nie swem of tan nie. Ai Dooms die tannie van my het 'n kop vol planne.

Ons leen toe 'n visstok uit swaer Willem se garage terwyl hulle by die Mall is. Die tannie sê wat van hoeke? Ek sê nee wat ons vat net 'n sinker vir die ingooi. Anders moet ons nog met aas ook sukkel.

Dominee Braam, ek het skaars ingegooi, toe staan hier 'n jong konstabel langs my. Ek kyk stip

voor my en sê niks vir die tannie en sy kyk stip en sê niks vir my nie.

Toe vra die konstabel wat maak julle? Ek sê soos wat lyk dit Kaptein? Hy vra het jy 'n liksens? Ek sê natuurlik Kapein. Hy sê ek is nie Kaptein nie. Ek sê jammer Generaal.



Hy sê wys my. Ek sê Oom het 'n swaarvoertuig en wys hom die liksens. Hy sê jy mag nie met hom visvang nie.

Ek sê ek vang nie met hom vis nie. Hy sê jy mag nie visvang sonder 'n liksens nie. Ek sê ek vang nie vis nie. Hy sê jy lieg. Ek sê hoe kan ek visvang as ek nie 'n hoek aan het nie? Hy sê, wys my. Ek wys hom.

Hy sê hy gaan my aankla vir visvang sonder 'n hoek. Ek sê ek vang nie vis sonder 'n hoek nie. Ek is 'n loodswaai... Hy sê dan kla ek jou aan van loodswaai.

Ek staan nog stom toe sê die tannie sy stem saam met hom en

sal staatsgetuie wees.

Die tannie val weg met ou koeie uit die sloot soos kombuiskaste wat geverf moes word en agterdeur se slot. Die tannie vertel nog, toe die kostabel op sy horlosie kyk en sien hy is al tien minute in sy lunch. Hy sê hy moet nou gaan en vat die pad.

Verder is daar niks nuus nie. Behalwe dat swaer Willem vanoggend kom sê het as ons nie 'n volle maand wil bly nie, sal hulle verstaan.

Ek sê vir die tannie ons moet maar kyk hoe dit gaan aangesien ons nog komende winter vir 'n maand by haar broer in die bosveld wil gaan kuier. Hulle ook so

lanklaas gesien. Verstaan Dominee?

Wag oom moet nog gaan vis skoonmaak. Oom sit nou maar 'n hoek aan om aan die regte kant van die wet te wees. Die kabeljou loop lekker op sardiens.

Geseënde Kersfees vir Dooms en Mevroutjie.

Groete
Oom Danie

Net 'n geheimpie tussen vissermanskies: As jy die groot visse wil vang, gebruik jou swaarvoertuig liksens!

Skets Erkenning: Mia Marais



Steve Hofmeyr het onlangs by JA Malherbe Skool in Petrus Steyn opgetree. Op die foto Steve Hofmeyr saam met die skoolhoof, mnr Bokkie Bosman en die personeel van die JA Malherbe Primêre Skool saam met die onderwysassistent.



Foto erkenning: Africa Stock Photo Alamy




■ Quarta Pretorius

TREGARDT IN LOURENCO MARQUES

Die Tregardt-trek het die Soutpansberg-gebied in Augustus 1837 verlaat en na die Ooskus koers gevat ten einde kontak met die Portugese owerhede in Mosambiek te maak. Na 'n uitputtende reis deur feitlik onbegaanbare berge en malaria geteisterde Laeveld van die huidige Mpumalanga, het hule na sewe maande eers hul bestemming bereik. Op die paneel word Tregardt se aankoms by die destydse Portugese hawevesting Lourenco Marques (vandag Maputo) uitgebeeld. Op die agtergrond links is die Portugese fort en regs 'n skip, wat daarop dui dat hulle langs die see was. Tregardt oorhandig sy geweer en 'n vaatjie kruit aan die Goewerneur, Antonio Gamitto. Sy vrou, wat swaar ly aan malaria, word deur die Goewerneur se vrou ondersteun.

Op hierdie paneel word verskillende emosies uitgebeeld. Dit sluit die vriendskaplike verhoudinge tussen die Voortrekkers en die Portugese in.



PANEEL 4 BRIEWE VAN ONS LESERS

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bon-van-Heil gerig aan die Redakteur.

Ek is daarvan oortuig dat al die ander inwoners (veral die Moeders) van Huis Bron-van-Heil, met my sal saamstem dat daar 'n groot verrassing, ons te beurt geval het

op Moedersdag, met 'n heerlike middagmaal wat ons ontvang het, vanaf Heilbron Suid se gemeentelede. En ook daardie lekker poeding. Baie dankie vir sulke omgee-mense. Des te meer word dit waardeer omdat aan ons gedink is, en ons weet dit ook met liefde voorberei is. Dankie, julle het ons "dag gemaak".

KENNISGEWINGS

NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS

In the Estate of the LATE TENNELINA WILHELMINA SADLER, Identity Number: 350630 0147 085, in life married out of community of property, residing at Plot 11 Weltevreden Settlement, district Koppies, Province Free State, who died on 24 May 2019, Estate Number: 3574/2021. All persons with a claim against the above-mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (Thirty) days from the date of publication. Signed at Heilbron on this 7th day of May 2021.

(GET) AA SCHUTTE
CORNELIUS & PARTNERS INC
40 CHURCH STREET
P.O. BOX 205, HEILBRON, 9650
TEL: 058 852 2035

JAARBEPLANNER

Mei 2021
28 Mei - NG Kerk Suid (Verkopings)
Junie 2021
25 Jun. - AP Kerk (Verkopings)
Julie 2021
23 Jul. - AP Kerk (Verkopings)
30 Jul. - NG Kerk Suid (Verkopings)
Augustus 2021
6, 13 & 20 Aug. - NG Kerk Suid (Basaarverkoping)
28 Aug. - NG Kerk Suid (Basaar / Saamkuier geleentheid)
September 2021
23 Sept. - AP Kerk (Verkopings)
Oktober 2021
1 Okt. - NG Kerk Suid (Verkopings)
29 Okt. - AP Kerk (Verkopings)
Desember 2021
4 Des. - NG Kerk Suid - (Gholfdag en Kersmark)

OUDEHEDE



OUDEHEDE

Afrikaanse, oeroue kombuisware, ou gereedskap veral houtmakers, "tin toys", "enamel signs" miniatuur speelgoed soos naaldwerkmassjien, ens. Verskeidenheid te veel om op te noem.

Welkom om my te kontak of boodskap te laat na 081 288 3186.



Form JJJ
LOST OR DESTROYED DEED
Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER T30124/2004** passed by **NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY** in favour of **Boy MOKOENA, ID: 350228 5229 086** in respect of certain **ERF 2840 PHIRITONA (EXTENSION 3), DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE** which has been lost or destroyed.

All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice. Dated at Heilbron this 10th day of May 2021.

(GET) AA SCHUTTE
CORNELIUS & PARTNERS INC
40 CHURCH STREET
P.O. BOX 205
HEILBRON, 9650
TEL: 058 852 2035

Die Hasie-span van die Voortrekkers loods 'n herwiningsprojek van plastiek-proppies wat hulle insamel om 'n rolstoel vir 'n kind te skenk. Ondersteun hierdie rolstoelprojek deur alle plastiek-proppies te bêre en in te gee by die Voortrekkers se Hasie-span.
Kontak Jackie Wessels 072 936 5925



Bedanking aan borge vir Moedersdagetes

NG Kerk Heilbron-Suid rig 'n opregte woord van dank aan elke borg wat die uitdeel van etes aan persone in die gemeenskap moontlik gemaak het gedurende Sondag 9 Mei. Dit kom uit die diepte van ons hart.

Lidmate het die etes voorberei en daar is 140 etes oorhandig aan mense by wie daar nood bestaan, ongeag lidmaatskap, asook 86 aan die inwoners en personeel van Huis Bron-Van-Heil Aftreeroord. Daar was breë glimlagte op baie gesigte en daar is heerlik gesmul. Weet dat u die dag spesiaal gemaak het en hoop gegee het aan iemand.

HERALD SPORT

VIAN HET NOU OOK 'N BEKER



So lyk tevrede HBA mug winners: Op die foto links vl: Pieter van Staden (73), Vian Leeb (69) en Eben Stander (73).
Foto regs: Weners van die kerkdag sonder vanne vl: JG en Jeandre (48), Wiam en Jackie (52) en Wynand en Boet (51).

Vian Leeb kan nou uit sy eie HBA maandbeker drink nadat hy Saterdag se maandbeker kompetisie gewen het met 'n telling van 69 houe. Dit is sy eerste maandbeker.

Die OJ'S Meat Market dag wat ten bate van die NG Suidkerk gehou is verlede Vrydag, het ook goeie aftrek gekry en was die giftige kombinasie van Jackie en Wiam weer aan die wenkant met 52 punte.

Die Hoërskool Heilbron bied

môre se gholfdag aan en volgens die organiseerders gaan daar 'n vol veld wees met baie putjie-borge op die baan.

Die eerste spelers gaan reeds om 09:30 afslaan. Daar sal ook aandetes te koop wees.



3% We know Property and the Law®
Forster Attorneys - Member of the 3%.Com Properties Franchise Group
ELMA - 071 333 9958
www.threepersent.com

Pharmacy & Clinic
PLATTELAND
R99⁹⁵ ACC 200
R79⁹⁵ Bepanthen
R89⁹⁵ choice card + R79⁹⁵ Crêche
R94⁹⁵ choice card + R89⁹⁵ Linclagen-C
© 063 721 4950 ☎ 087 527 0723
E platteland@thelocalchoice.co.za
57 Wentworth Straat, Wentworth Square, Heilbron

GiG Technologies (Pty) Ltd.
Ultra Fast Fibre Internet coming soon!
Contact us for any enquiries
Adriaan 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak **Silma Petzer.**
Kantoorure 058 852 3033.

BKB Louwid

Die komende week se **BELANGRIJKSTE** veilinge

DINSDAG - 18 MEI 2021

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

VEREENIGING Weeklikse veiling
Freek Pieterse 079 560 7088

MONT PELAAN Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

WOENSDAG - 19 MEI 2021

NORMANDIEN Twee-maandelikse veiling
Kontak Wynand Lens 082 329 0227

DANIELSRUS Kwartalekse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

ORANJEVILLE STELENA SAVM PRODUKSEVEILING
11-00, Noolgedacht, Oranjeville
Kontak Bertus Linde 079 679 1718

DONDERDAG - 20 MEI 2021

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Jacques Meyer 076 691 0095

KROONSTAD veiling
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

ROSENDAL Kwartalekse veiling
Kontak Gemie Britz 082 828 2855

DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

VRYDAG - 21 MEI 2021

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Risaan Herbst 076 154 5049



www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Postbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za

WESCENTRAL
DIE BESTE BOD
BESTUURDER
P.J. Müller
060 966 9340
AFSLAER
Ian Grobbelaar
060 965 6207
Frankfort/Roadside/Comela
Corjan de Jager
079 506 8777
Frankfort/Comela/Oranjeville/Roadside
Fanie vd Merwe
082 494 3127
Tweeling/Retz/Pekus Slegyn/Frankfort
David Gerber
082 489 7424
Villiers/Comela/Groobvl
Fanie vd Merwe (Junior)
061 180 6802
Villiers/Comela/Groobvl
Pula Gillomee
082 788 5338
Heilbron/Edenville/Oranjeville
Hugo Groenewald
082 569 7205
JJ HADEBESTRAAT 97
FRANKFORT
(Longs Bright Dienste)